

16 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 21

Fokusgedeelte: 1 Konings 21:17-18

Die Here, aan Wie alles behoort, deel self aan ons volgens sy maat uit

As Dawid in Psalm 16:6 sê: “My erfenis is vir my mooi”, dan verwys hy ook na sy erfgrond. Toe Israel die beloofde land ingaan, gee die Here aan elke stam sy stuk grond wat weer onder die families verdeel is as ‘n besit ook vir nageslag. Die land is die Here se eiendom, maar Agab maak asof hy as koning alles besit. Isebel sterk hom daarin as sy sê: “Jy is mos die een wat oor Israel regeer” (vers 7). Dan vat hy wat nie aan hom behoort nie en maak nie net vir Nabot nie, maar ook later sy seuns dood. Wat ‘n siekte is gierigheid nie. Dit neem besit van jou en oorheers jou gedagtes. Gierigheid is in sy wese ondankbaarheid: wat ek het, is nie goed genoeg nie. Dan begin jou oë dwaal na dit wat ander het. In Spreuke 30:15 staan daar: “Die bloedsuier het twee dogters, hulle is ‘Gee!’ en ‘Gee!’”. Gierigheid word in ‘n oogwink jou baas. Hoe dikwels sien ‘n mens dit nie na ‘n begrafnis as die erfgoed verdeel moet word nie. Gierigheid en begeerte na aardse goed verdof ook jou geloofs oog sodat jy nie meer oortuig is van die dinge wat jy nie sien nie (Heb 11:1), want alles wat jou oë hier sien, wil jy hê. Ook hiervoor is die verlossing deur die Here Jesus so noodsaaklik. Hy het nie ‘n plek gehad wat Hy sy eie kon noem om sy kop neer te lê nie - om ons ryk te maak en vir ons skatte in die hemel te gee. Deur sy hande te slaan aan dit wat nie syne is nie, het Agab die laaste spykers in sy eie kis van ongeluk en verlorenheid geslaan. Nou het hy wat hy wou hê, en dit is ook maar al wat hy het.

Sing: Skrifberyming 17:1,2,6 Ds PH Fick (Komatipoort)